NONGQAI

Vol 16 No 6 - July/Julie 2025



SUIDER-AFRIKA VEILIGHEIDSTUDIES & MAGTE-GESKIEDENIS
SOUTHERN AFRICA SECURITY STUDIES & FORCES HISTORY



EDITORS

The editor-in-chief of *NONGQAI* Magazine is retired Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") of the S.A. Police, who holds a Master's degree in National Security Studies and had represented the S.A.P. on the Secretariat of the State Security Council.

The editor of the **Ladies Edition** of *NONGQAI* is **Sarie van Niekerk** ("SvN"), herself a former police officer and journalist at *Beeld* newspaper.

The editor of *NONGQAI's* digital publications and group operations manager is **Dr. Willem Steenkamp** ("WPS"), a retired attorney and ambassador who is a former member of the N.I.S. and D.F.A. Willem is responsible for *NONGQAI's* YouTube channel and BLOG, plus our publisher, GREXPA s.a.

There are two sub-editors. Col. **Logan Govender** ("LG") is our lead historian on police officers of Indian descent. **Henning van Aswegen** ("HvA") renowned author formerly of the National Intelligence Academy, handles the intelligence desk.

Any opinions expressed by any editor (or by any other contributor), are entirely their personal responsibility, and should be attributed to them individually and **not to the editorial board, owners or publisher.**

REDAKSIE

Die hoofredakteur van die *NONGQAI* tydskrif is afgetrede Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") van die S.A.Polisie, met 'n Meestersgraad in Nasionale Veiligheidstudies en wat die S.A.P. verteenwoordig het op die Sekretariaat van die SVR.

Die redakteur van *NONGQAI* se **vroue-blad** is **Sarie van Niekerk** ("SvN"), voormalige polisiebeampte en joernalis van die koerant *Beeld*.

Die redakteur van *NONGQAI* se digitale publikasies en ook groep-bedryfsbestuurder is **Dr. Willem Steenkamp** ("WPS"), afgetrede prokureur, ambassadeur en voormalige lid van N.I. en die D.B.S. Willem versorg *NONGQAI* se YouTube-kanaal en BLOG, en bestuur die uitgewer-maatskappy, GREXPA s.a.

Daar is twee sub-radakteurs. Kol. **Logan Govender** ("LG"), is ons historikus vir die geskienis van polisie-lede van Indiër-afkoms. **Henning van Aswegen** ("HvA"), skrywer voorheen van die Nasionale Intelligensie Akademie, versorg intel-nuus.

Enige menings uitgespreek deur enige lid van die redaksie (of deur enige ander bydraer), is hulle persoonlike verantwoordelikheid en moet hulle individueel toegereken word, **nie die redaksie, eienaars of uitgewer nie**.

Aim & Policy - Doel & Beleid

Our goal is to collect and record our national security history for publication in the *NONGQAI* for future generations.

We publish the articles and stories as we receive them from our correspondents; we only correct spelling mistakes. It's important to publish the stories in the form and context that we received them from our correspondents. Policemen and Defence personnel have their own language and sub-culture. We are not a scientific or literary journal. We only work with historical building blocks, as in the oral tradition.

Ons doel is om die nasionale veiligheidsgeskiedenis in die *NONGQAI* aan te teken en só vir die nageslagte te bewaar.

Ons gebruik die artikels en stories soos ons dit van ons korrespondente ontvang; ons maak slegs die spelfoute reg. Dis belangrik om die stories te bewaar in die vorm en in die konteks soos ons dit ontvang. Lede van die veiligheidsmagte het hul eie taal en ons moet dit ook so aanteken. Ons is nie 'n letterkundige of wetenskaplike joernaal nie. Ons werk slegs met die boustene van die geskiedenis, in die orale tradisie.

COPYRIGHT POLICY

NONGQAI is an educational publication without a profit motive, distributed free. As such, under S.A. Law it enjoys the general "reasonable use" exemption from the copyright that may be held by others in material re-published here-in. Ethically, such original authors and publications are cited and credited to the best of our ability, also regarding photos and imagery. **All we request for the use of our material is the same courtesy of crediting us in full.**

ERKENNING VAN KOPIEREG

NONGQAI is 'n opvoedkundige publikasie sonder winsbejag wat gratis versprei word. As sodanig geniet dit onder S.A. Reg die "redelike gebruik"-vrystelling van ander se outeursreg in materiaal wat hierin her-publiseer word. Eties, word sulke oorspronklike outeurs en publikasies na die beste van ons vermoë siteer en erken, ook vir foto's en beeldmateriaal. **Al wat ons vra vir die her-gebruik van ons materiaal, is dieselfde hoflikheid van volledige kreditering.**

Contact Particulars - Kontakbesonderhede

Brig. Hennie Heymans: +27 (0)72 336-1755 editor@nongqai.org **WEB:** www.nongqai.org

Nongqai Magazine is carried on ISSUU and, with Nongqai Digital Media, is published by GREXPA s.a., incorporated in Guatemala – more info on website.

NONGQAI sedert 1907 oorsprong & oogmerke

NONGQAI is 'n gratis aanlyn bewaarplek van herinneringe, historiese gegewens en ontledings rakende die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika. Dit dek van die heel onlangse tot die koloniale verlede van polisiëring, militêre ontwikkelinge, intelligensie en diplomasie in die streek. Dit word gedoen met twee hoof oogmerke: om rou historiese gegewens en die insigte van werklike deelnemers, geboekstaaf in die tradisie van orale vertellings, te bewaar tot voordeel van toekomstige geslagte; en, tweedens, om aan veterane van die dienste en gewapende magte 'n platform te bied waardeur hulle hul verhale en foto's kan deel, vir die leesgenot van ou kamerade, vriende en familie. ***NONGQAI*** doen dit sonder om die verlede te verheerlik, en ook nie om die verlede weer te wil herleef nie. Ons wil help om die goeie in die verlede te koester, deur die geskiedenis sonder kwaadwilligheid te boekstaaf.

Die eerste ***NONGQAI*** het in Maart 1907 verskyn as die amptelike kwartaallikse tydskrif van die polisie van die kolonie Natal. Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, en die daaropvolgende stigting van die Unie-weermag en die nasionale polisiemag in 1913, is besluit om die tydskrifte van die verskillende koloniale magte van voor die Unie, saam te voeg in een. Die naam ***NONGQAI***, wat in Zoeloe beteken "die koning se wagte", is gekies vir hierdie saamgevoegde tydskrif, wat die tydskrifte van koloniale dienste soos *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* en *The Transvaal Police Magazine* vervang het. Die nuwe 1913-weergawe van die ***NONGQAI*** verteenwoordig dus al die uniformdienste van die Unie, insluitend die Polisie, Weermag en Gevangenisdiens.


Nadat die Unie die Republiek van Suid-Afrika geword het, het die verskillende dienste geneig om hul eie tydskrifte te ontwikkel, soos *Paratus* vir die weermag en *Servamus* vir die polisie. Die oorgang in 1994 na 'n nie-rassige demokrasie het 'n einde gemaak aan daardie era, maar nie 'n einde aan belangstelling in die geskiedenis van daardie epogmakende tye nie. Brigadier Hennie Heymans het daarom die ***NONGQAI*** in e-tydskrif vorm laat herleef as 'n bewaarplek van data, herinneringe en ontledings oor die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika.

NONGQAI se tradisionele e-tydskrifte (standaard en vroue-edisies) word aan die begin van elke maand gepubliseer en word gratis op ons Blog www.nonggai.org en die **ISSUU**-platform gedra. Spesiale uitgawes, wat elk oor 'n spesifieke tema handel, word gereeld gepubliseer. Ons Blog-artikels daarenteen, verskyn deurlopend, en so ook ons video's op YouTube. Die beleid van die redakteurs van ***NONGQAI*** is om nie in te meng met die inhoud wat deur bydraers voorgelê word nie, behalwe vir eenvormige blad-opmaak en hersiening van spelling en grammatika. ***Die inhoud is dus die verantwoordelikheid van elke individuele bydraende outeur; Nongqai, sy redakteurs en uitgewers aanvaar geen aanspreeklikheid daarvoor nie***. Die doel is om die voormalige deelnemers so outentiek en direk as moontlik te laat praat, sodat historici dit as bron van rou historiese gegewens kan gebruik in hul historiografiese evaluerings. ***NONGQAI*** self is dus ook nie 'n akademiese geskiedenis-publikasie wat aanspraak maak op wetenskaplike beoordeling of verifiëring van die inhoud wat sy vrywilliger bydraers op sy bladsye gedeel het nie.

NONGQAI, hetsy as tydskrifte of digitale media, is heeltemal gratis en toeganklik op ons web-blad: https://nonggai.org Dit kan aanlyn gelees word of as .pdf-dokumente afgelaai word. Die argief van vorige uitgawes verteenwoordig 'n skatkamer van historiese gegewens, foto's, persoonlike herinneringe en staaltjies, sowel as ontledings van belangrike nasionale veiligheidskwessies van die verlede en die hede – dit word bewaar op ons Blog, sowel as deur die Akademia Biblioteek.

NONGQAI since 1907 our roots & goals

NONGQAI is a free online repository of memories, historic data and analysis relating to the national security history of Southern Africa. It covers from the very recent to the very ancient past of policing, military developments, intelligence, and diplomacy in the region. It does so with two main goals: to provide raw historic data and insights from actual participants, in the tradition of oral history, for the benefit of future generations; and, secondly, to provide ex members of the services and armed forces with a platform through which to share their stories and photographs, for the reading pleasure of old comrades-in-arms, friends and family. This ***NONGQAI*** does, without glorifying the past, nor wishing to live again the past. It helps cherish the good in the past, recording history without malice.



The original ***NONGQAI*** magazine had started out in March 1907 as the official quarterly magazine of the police of the colony of Natal. After the establishment of the Union of South Africa in 1910, and the subsequent founding of the Union defence force and the national police force in 1913, it was decided to amalgamate the magazines serving the different pre-union colonial forces into one. The name ***NONGQAI***, which in Zulu means "the king's watchmen", was chosen for this amalgamated magazine, which replaced the pre-union colonial services magazines such as *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* and *The Transvaal Police Magazine*. The new 1913 version of the ***NONGQAI*** thus represented all the uniformed services of the new Union, including the police, the military, and the prisons service.

After the Union became the Republic of South Africa, the different services tended to develop their own magazines, such as *Paratus* for the military and *Servamus* for the police. The 1994 transition to a non-racial democracy brought an end to that era, but not an end to interest in the history of that era. Brigadier Hennie Heymans thus revived the ***NONGQAI*** in e-magazine form, as repository of data, memories, and analysis about the national security history of Southern Africa.


NONGQAI in its traditional magazine format (standard and Ladies' editions) is published at the beginning of each month and is carried on our Blog www.nongqai.org and the ISSUU platform. Special issues, each dealing with a particular theme, are regularly published. Our Blog posts and YouTube videos, on the other hand, are published throughout the month.

The policy of the editors of ***NONGQAI*** is not to interfere with the content of articles submitted and deemed publishable, except for uniform formatting and reviewing spelling and grammar. ***The content is therefore the responsibility of each individual contributing author; the editors, owners and publoshers accept no liability for it.*** The objective is to let the former participants talk, as authentically and directly as possible, for historians to use as source of raw historic data in their historiographic evaluations of past events. ***NONGQAI*** itself thus isn't, nor does it pretend to be, an academic history publication laying claim to scientific assessment or verification of the content its volunteer contributors had shared through its pages.

NONGQAI is entirely free and accessible on the internet, where it can be read online or downloaded as .pdf documents. Its archive of past editions represents a treasure trove of historic data, personal recollections, and anecdotes, as well as analysis of important national security issues, past and present. This archive can be found on our Blog, and in the care of the Akademia Library.

Inhoud

ELEKTRONIESE BEDIENING: GOD GEBRUIK BESKADIGDE MENSE 7
Nongqai se Kapelaan: Pastoor Koot Swanepoel (082-041-9123) 7
OORBLAD | COVER 8
WELCOME & FOREWORD | VOORWOORD & WELKOM 8
Hennie Heymans 8
MY UITTREDE UIT DIE POLISIE (HOOFSTUK 7) 9
Genl JV van der Merwe 9
SAP KING'S REST: DISTRIK 75: DURBAN-SUID 11
Hennie Heymans 11
M/V Friendship 1 12
ARMY SIGNALS IN SOUTH AFRICA: THE STORY OF THE SOUTH AFRICAN CORPS OF SIGNALS AND ITS ANTECEDENTS 16
DIE GROOT DUIMGOOI ("HIKE") KOMPETISIE DEEL 6 BY HALFPAD VERBY EN OP PAD TERUG HUIS TOE 20
Artikel deur Koos de Wet 20
ANNEXURE "A": THIS MONTH'S POSTS ON OUR BLOG 24
BYLAAG "A": HIERDIE MAAND SE JONGSTE ARTIKELS OP ONS BLOG 24
SLOT | END 26





Generaal Jannie Geldenhuys – Hoof van die SAW (Foto – HBH)



ELEKTRONIESE BEDIENING: GOD GEBRUIK BESKADIGDE MENSE

Nongqai se Kapelaan: Pastoor Koot Swanepoel (082-041-9123)



"... maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie moet begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou medegelowiges ondersteun." Lukas 22:32 NLV

Mense word te dikwels onderwaardeer of geïgnoreer as gevolg van wat hulle in die lewe deurgemaak het. Soms is dit as gevolg van wat hulle aan ander gedoen het, soms is dit as gevolg van wat ander aan hulle gedoen het. As jy al ooit by 'n pandjieswinkel was, weet jy dat daar waardevolle items teen groot afslagpryse is; jy moet net weet waarna jy soek.

Jesus weet waarna Hy soek. Petrus se hartseer omdat hy Jesus verloën het, het hom so diep getref dat hy besluit het om na sy ou werk as visserman terug te keer. Kan jy jou die skinderstories by die hawe voorstel? 'Dis die ou wat sy rug op Jesus gedraai het.' As Petrus 'n leraar was, sou ons sy bedanking geëis het. Tog was hy die eerste persoon wat Jesus na die opstanding opgesoek het. Toe Jesus vir Petrus sien, het Hy nie een keer van Petrus se misstap melding gemaak nie. Drie keer het Hy egter vir Petrus gevra: 'Het jy My lief?' Toe Petrus drie keer instemmend geantwoord het, het Jesus vir hom gesê: 'Wees 'n herder van My skape.' Dit het na Petrus se toekoms as pastoor en hoof van die kerk verwys (sien Johannes 21:15-17).

Jesus het verby Petrus se verlede gekyk en sy toekoms gesien. Petrus se mislukking was nie 'n verrassing nie. Jesus het vir hom gesê: '...As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou medegelowiges gaan ondersteun.' Petrus se swakheid wat hy oorkom het en die herstellende genade wat hy ervaar het, het sy grootste onderriginstrumente om ander te help, geword. Ja, God sal jou teregwys, maar dit is om jou te herstel en jou vir Sy doeleindes te gebruik ...

OORBLAD | COVER

NONGQAI
Voorblad
Cover story



'n Foto van die kameel-standbeeld voor die Upington se polisiestasie deur Hennie Heymans. Die beeldhouers was brig Buks van Staden destyds van die SA Polisie se Afdeling Openbare Betrekkinge.

A photo of the camel statue in front of the Upington police station by Hennie Heymans. The sculptors were Brigadier Buks van Staden of the SA Police Public Relations Division at the time.

WELCOME & FOREWORD | VOORWOORD & WELKOM

Hennie Heymans

Welkom	**Welcome**
Hartlik welkom by hierdie besondere e-uitgawe – besonder as gevolg van ons lesers se deelname met artikels en foto's	A warm welcome to this special e-edition – especially because of our readers' participation with articles and photos.
Opvoedkundige, Kultuur-Historiese tydskrif	**Educational, Cultural-Historical magazine**
Nongqai is 'n opvoedkundige en kultuur-historiese tydskrif wat sy inhoud vir die nageslag bewaar. Dit is slegs komende geslagte wat ons na behore kan evalueer.	Nongqai is an educational and cultural-historical magazine that preserves its content for posterity. Only future generations can properly evaluate it.

HBH



MY UITTREDE UIT DIE POLISIE (HOOFSTUK 7)

Genl JV van der Merwe

Hy (pres Mandela) het die Polisie verwyt dat hulle lede van Inkatha toegelaat het om in die openbaar tradisionele wapens te dra wat ’n bedreiging vir ander landsburgers was. Toe is hulle daarvan beskuldig dat hulle simpatiek jeens Eugène Terre’Blanche en die AWB gestaan het. Hy het verder gesê hy het my en genl. Koos Calitz, streekkommissaris van die Witwatersrand, vooraf persoonlik gewaarsku dat Inkatha-lede Shell House, die hoofkwartier van die ANC in Johannesburg, op 28 Maart 1994 gaan aanval. Desondanks het die Polisie niks gedoen om die voorval te voorkom nie.

Die opleiding van mense in die Caprivi waarna mnr. Mandela verwys het, het gegaan oor ’n projek van die Suid-Afrikaanse Weermag wat as Operasie Marion bekend gestaan het. Ek en genl. Basie Smit, toe hoof van die veiligheidstak, het op 8 November 1988 op versoek van adm. Dries Putter, hoof van Afdeling Militêre Inligting van die Weermag, samesprekinge by die

hoofkwartier van Militêre Inligting in Pretoria bygewoon. Tydens die samesprekinge het hy ons ingelig dat die Weermag ’n aantal Inkatha-lede in die Caprivi opgelei het om dr. Mangosuthu Buthelezi, wat toe hoofminister van KwaZulu was, en die Zoeloekoning te beskerm. Volgens adm. Putter is die Inkatha-lede offensief opgelei, dit wil sê om nie net in selfverdediging op te tree nie, maar ook aan te val. Hulle is egter nie in wetstoepassing opgelei nie en die gevaar bestaan dat hulle die wet kan oortree. Adm. Putter het ons gevra dat indien so ’n Inkatha-lid die wet oortree, ons hom nie in hegtenis moet neem nie, en dat die oortreding met die nodige begrip deur ’n spesiale span ervare speurders, wat deeglik met die omstandighede in KwaZulu vertroud is, ondersoek moet word.

Ek en genl. Smit was nie daarvoor te vinde nie en het gesê so ’n reëling is onuitvoerbaar. Adm. Putter het daarop gesê dat indien die Inkatha-lede se optrede die Polisie se taak enigsins bemoeilik, hul gebruik beëindig sou word.

Die beskuldiging oor die opleidingskamp in KwaZulu het gegaan oor beweringe deur ANC-lede dat die KwaZulu-polisie ’n moordbende op ’n terrein in KwaZulu sou oplei. Hulle sou teen ANC-ondersteuners ontplooi word. Mnr. Mandela het niks hieroor aan my gesê nie; mnre. Howard Varney en Mac Maharaj, albei lede van die Uitvoerende Oorgangsraad wat tot stand gekom het om ’n vorm van magsdeling voor die verkiesing te verseker, het my in April 1994 hieroor ingelig. Daar is geïnsinueer dat die SA Polisie dit oogluikend toelaat.

Genl. Roy During was toe kommissaris van die KwaZulu-polisie. Hy is op my aanbeveling deur hoofminister Buthelezi aangestel. Genl. During was ’n ervare en gesoute polisieman wat hom tydens sy loopbaan in die SA Polisie onderskei het as iemand wat die wet suiwer toegepas het; hy sou beslis nie die opleiding van ’n moordbende geduld het nie. Ek het derhalwe geweet die beweringe is ’n klomp snert en aangebied om onmiddellik die taakmag van die Polisie en ’n helikopter beskikbaar te stel sodat hulle, Varney en Maharaj, self kan gaan kyk. Ek het voorgestel dat mnr. Fanie van der Merwe, ook van die Oorgangsraad, saamgaan. Die nodige reëlings is dadelik getref en die drie is nog dieselfde dag per helikopter saam met lede van die taakmag na die terrein wat mnre. Varney en Maharaj uitgewys het. Daar was geen teken van ’n opleidingskamp of moordbende nie.

Ek kon genl. During nie vooraf oor die optrede inlig nie, want dan kon mnre. Varney en Maharaj aanvoer dat die mense in die sogenaamde opleidingskamp vooraf gewaarsku is om hulle uit die voete te maak. Dit het ook ’n risiko geskep dat lede van die KwaZulu-polisie op die toneel kon wees en dat hulle en die taakmag kon bots. Genl. During was uiters ontsteld omdat ek, soos hy dit ervaar het, hom nie vertrou het nie. Die wantroue waarmee die Polisie bejeën is, het my egter met geen ander keuse gelaat nie.

Die dra van tradisionele wapens deur Inkatha-lede het die Polisie, asook mnr. F.W. de Klerk en sy regering, hoofbrekens besorg. Hoofminister Buthelezi en die Zoeloekoning het dit as ’n onaantasbare reg van die Zoeloes beskou. Alle pogings om hulle te oorreed om die tradisie te verbreek, het op ’n hewige botsing uitgeloop. Nadat die ANC aan die bewind gekom het, is wetgewing ingestel wat die dra van tradisionele wapens verbied. (**Word vervolg**).

SAP KING’S REST: DISTRIK 75: DURBAN-SUID

Hennie Heymans



Elke polisiestasie het benewens die uniformtak se lede wat skofte werk, ook ‘n uniform ondersoek afdeling bekend as Navrae en Uniform Ondersoek. Die werk behels die ondersoek van botsings, dien van dagvaardings en ander beuselagtige takies wat elke stasie maar moet verrig. Die is nie opwindende werk nie! Hier het ek darem vir Martin Pols, beter bekend as Mark Condor, ontmoet. Hy en die verkeerspolisie het gebots oor sy reg, al dan nie, om te vrylik parkeer, veral as die meter aangedui die tyd het verstryk.

Ander sakies is bv ontsnapping uit bewaring, of ‘n hond storm uit die erf en byt ‘n polisieman of posman aan die been en skeur sy broek. Dan moes die saak – “a ferocious dog” - volledig ondersoek word met die oog op strafregtelike vervolging teen die eienaar en ander geregtelike stappe, soos bv siviele eise, of wat die staatsprokureur ook mag goeddink.

Aanranding ‘gewoon’ en rusverstoring – ‘n haan wat saans kraai – is ook ondersoek. In daardie dae was dit wettig om hoenders in die stad aan te hou. Daar was ‘n uitgewysde saak dat dit ‘n normale

ding is dat ‘n haan saans/soggens kraai. Die senior staatsaanklaer het toe geweier om te vervolg. Ook het paddas gekwaak in visdamme en met die gereg gebots! Talle rusverstoring klagtes is ontvang: “Constable please do something about the frogs in my neighbour’s yard. They are causing a terrible din in the pond next door. I can’t sleep!” Diskresie en diplomasie los uiteindelik alles op.

Rusverstoring is seker die klagte wat die meeste by die polisie aanhangig gemaak word. Min polisiebeamptes weet egter dat rusverstoring enige tyd van die dag of nag kan plaasvind! Daar is nie so ‘n bepaling wat mense tot 22:00 partytjie mag hou ....

M/V Friendship 1

Een dossier was feitlik klaar ondersoek en een verklaring het ontbreek. Die opdrag in die dossier is kort en saaklik, nogal in Engels: “Bespoedig ondersoek!” Dossiere is gereeld geïnspekteer en ek skryf toe vir die inspekterende offisier dat die man by wie ons ‘n verklaring moet afneem homself op ‘n vlot bevind, drie myl van die kus regoor Louis Botha lughawe en die Mobil Olieraffinadery.

Volgende instruksie, kort en saaklik: “Take a boat and obtain statement!”

As die offisier so beveel, dan moet dit geskied! Navrae bring aan die lig dat die boot “Friendship 1” elke Woensdag om 06:00 vanaf Salisbury Eiland vertrek na Collins Submarine Pipeline se vlot op die oop see en dan dieselfde dag weer om 14:00 terugkeer. Ek word saam genooi.

Die Woensdag-oggend is ek netjies in volle winter uniform uitgevat en wag om te vertrek. Die kaptein nooi my aan boord en ek staan reg voor op die dek sodat ek alles mooi kan sien.


Sjoe! Dink ek, alles is waar – die SAP-advertensie het gesê :

Aksie, Diens en Aansien!

Sluit aan by die Polisie!

Dit is ‘n heerlike dag! Hier staan ek voor op ‘n boot op pad na ‘n vlot drie myl van die kus regoor Louis Botha-lughawe waar ‘n boei en ‘n pyplyn in die see geplaas word. Die boei is waar tenkskepe sal vasmeer en die pyplyn is dan vir die ru-olie na die raffinadery gepomp. Kantoorwerkers is op pad na hul kantore en sit in die verkeer, skoliere is op pad skool toe en ander vakmanne is op pad na hul onderskeie werkplase en hier is ek! Konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie voor op ‘n boot, in die son. Die son skyn pragtig en oggendbries waai liggies en hulle noem dit werk! Nie lank nie en bereik ons die oop see toe ons om die Bluff by die suid-pier omvaar.

Op en af en kruis en dwars dobber die bootjie en daar word ek seesiek! So siek soos ‘n gewone hond! In die twintig keer word ek naar. Eers bang ek gaan dood en later wens ek dat ek wel kon dood gaan!



By vlot aangekom is dit nog erger! Die vlot dryf op die deining en beweeg ook na die kante toe. Ons sak na links terwyl ons stadig vooroor hel, dan gebeur die teenoorgestelde! Ons sak stadig na regs en sak agteroor. Die kus staan botstil! Ek wil ordentlik wees, dus word ek maar so onopsigtelik naar as wat fatsoenlikheid dit toelaat. Die werkers maak ‘n kring om my maar dit help nie! Die Baas, ‘n Amerikaner kom tot my ‘redding’. Hy stel voor dat ek moet eet en iets drink. Ek mag enigiets bestel, hulle het dit! Het julle biltong asseblief?

“Ja gekerf of ‘n heel stuk?” vra die ou vriendelik. ‘n Heel stuk asseblief en dit word dadelik oorhandig.

“Drink?”, vra die ou.

“Melkskommel asseblief”, antwoord ek. Amper dadelik ontvang ek ‘n groot yskoue liggroen lemmetjie-geur melkskommel in ‘n bierglas met handvatsel. Die dou klou aan die beker groen melkskommel vas.

Die Baas raai my aan om te eet en dadelik te drink, dit sal die seesiek wegvat. Intussen druk hy ‘n groot sigaar in ‘n silwer aluminium houer in my uniformbaadjie se bosak Ek maak soos hy voorstel maar bring alles amper dadelik weer op!

Vinnig neem ek ‘n kort verklaring en is uit my uniform en lê soos ‘n dronk ou op iemand se bed – een voet en een hand op die vloer! Ek bid maar dit help nie. Die tyd gaan stadig verby en later gaan ons terug na Durban hawe. Wat ‘n verligting om weer op vaste grond – terra firma - te wees en al daai wonderlike gesegdes!

By die stasie aangekom sien “Ou Mof” dat ek bleek om die kiewe is en vertel hom van my nare ondervinding. Hy herinner my dat ek moet gaan dril – onlustedril! Die grootbek en romantikus van die oggend is weg! Vir die lewe sien ek glad nie kans nie! “Meneer ek wil nie af siek boek nie, maar u is getuie dat ek nie gesond is nie, ek gaan dadelik bed toe!” sê ek en voeg dadelik die woord by die daad.

‘n Dag of wat later kom ‘n brief van die distrikskommandant se kantoor af. Die onderwerp van die brief is konst Heymans se gedrag, t.w. sy versuim om te dril en die uwe moet geparadeer word op ‘n gegewe datum en tyd.

Met my leerwerk, ysters en knope ekstra blink gevryf rapporteer ek by die distriksklerk, sersant Walters, en hy marsjeer my in voor kaptein AJ “Jersey Bul” de Villiers. Op die bevele reageer ek flink en salueer so dat my hand tril! Met my een oog loer ek na die waterbottel op Ou Jersey Bull se liasseerkabinet. Ja, die meniskus beweeg genoeg en ek het darem my voet hard genoeg getamp op die bevel: “Halt!”. Ou Jersey Bul lyk beïndruk met die voet stampery en saluut. Nou trek die ou los met ietwat minder argwaan, maar hy is goed die swernoot in, om selfs ‘n mamba die skrik op die lyf te jaag! Nie tyd of plek vir grappies nie. Ek kry kans om iets te sê, ek praat oor sy kop, verby hom, militaristies korrek! Vertel my kant van die storie, opdrag uitgevoer en op die skip om die verklaring te neem ens ens.


Asof hy hierdie bepaalde storie al twintig keer gehoor het sê hy: “Ek gee nie om nie! Jy SAL my parade bywoon. Al kruip jy! Is dit DUIDELIK!!! ‘Dismiss’!

In my jong dae was daar baie veterane van die tweede wêreldoorlog en ek het by hulle geleer alles in die lewe gaan oor jou houding. Jou houding moet reg wees! Maak jy droog en jy verskyn voor ‘n offisier dan moet jy flink wees, maag in, bors uit, voet hoog optel, hard neer stamp, salueer, hand moet tril soos gespanne snaar. Staan regop, kyk voor jou! Vermy oogkontak. Praat oor sy kop. Hierdie militêre swier – die Franse noem dit élan – neutraliseer selfs die kwaaiste offisier se aggressie en argwaan.

Dit werk, vra my, ek weet!

HBH





ARMY SIGNALS IN SOUTH AFRICA: THE STORY OF THE SOUTH AFRICAN CORPS OF SIGNALS AND ITS ANTECEDENTS

PART II: SIGNALS DURING THE ANGLO-BOER WARS (1880-1881 and 1899 – 1902)

6. BRITISH SIGNALS DURING THE ANGLO-BOER WAR (1899-1902)

[Source: 230 translated from Afrikaans; 102; 356; 357]

On the British side of the conflict, every cavalry, artillery and infantry regiment had its own section of qualified and capable signallers – who achieved excellent results in South Africa's climatic conditions with their heliographs and flags. In addition, mounted signallers were also deployed as departmental troops. The British telegraphy units were augmented with Post Office volunteers with the result that the total strength of personnel in these units reach a peak of over 2 400 men in South Africa. [230]

The 1st, 2nd and 3rd Telegraph divisions provided links between the civilian telegraph services and the front, according to the British pattern. They made use of hand telegraphs and automatic Wheatstone high speed equipment. Optical signals with heliograph and flag achieved their highest levels of performance and service during this conflict. A new cable wagon, which was the direct precursor to the automatic cable laying equipment, was also designed.

For the first time in signals history, signals services were organised into three separate channels, namely line, optical (or visual) and despatch riders. Cypher was used but was completely a staff responsibility.

Sir Redvers Buller in 1899

In 1899 when the South African war broke out, British general Sir Redvers Buller, was sent from England to take command of the British forces. Ships at that time had no radio, so once Sir Redvers had set sail he lost touch completely with events. Sixteen days later and still two days out from Cape Town, Sir Redvers received his first news of the war, five words written on a blackboard which was held up, on the bridge of a passing tramp steamer outward bound from Cape Town. It read, "*Three battles. Penn Symonds killed*". The ships passed on their way leaving the commander, whose troops had been in action without his knowledge, to ponder the significance of this cryptic and unconfirmed message.


Contrast this with the situation a century later where highly sophisticated computer controlled technology enables commanders to deploy their offensive and defensive forces worldwide with an assured ability to communicate with, and command and control the activities of, all of them, second by second…


Every armoured train was provided with two line men and one telegraph operator. They established communications as soon as the train came to a stop, by making use of the telegraph line next to the railway.

